

'n Gebed by die opening van die vergadering van die diakens

Barmhartige God en Vader, U het nie alleen gesê dat ons altyd armes by ons sal hê nie¹, maar het ons ook beveel om hulle by te staan. Vir hierdie doel het U in u gemeente die diens van die diakens ingestel, waardeur hulle gehelp kan word.

Aangesien ons, wat in hierdie gemeente tot die amp van diakens geroep is, nou hier in u Naam vergader het om oor ons diens met mekaar te praat, bid ons U in alle nederigheid, om Jesus Christus wil, dat U by ons wil wees met die Gees van onderskeiding. Gee dat ons goed kan onderskei tussen die wat werklik arm is, en die wat dit nie is nie.

Ons bid dat ons met alle blymoedigheid en getrouheid die liefdegawes wat deur ons versamel is, aan elkeen mag uitdeel volgens hulle nood terwyl ons nie die behoeftige lidmate van u geliefde Seun ongetroos laat bly nie. Ons bid ook dat ons dit ook nie aan hulle uitdeel wat dit nie nodig het nie.

Wil U die harte van die gemeentelede met 'n vurige liefde tot die armes laat ontbrand, sodat hulle oorvloedig van hulle aardse besittings, waaroor U hulle as bestuurders gestel het, sal uitdeel.

Wil U gee dat ons wat die middele ontvang om die behoeftiges te help, ons amp getrou sal uitvoer, sonder dat dit vir ons 'n las is en dat ons dit met 'n ruim hart sal doen. Verleen ons daarby ook die genade om nie alleen met die uiterlike gawes nie, maar ook met u heilige Woord die ellendiges te vertroos.

Aangesien die mens nie net van brood lewe nie, maar van elke woord wat uit u mond kom, wil U daarom ook u seën uitstrek oor die uitdeel daarvan deur ons. Wil U die brood van die armes vermeerder sodat hulle en ons rede mag hê om U te loof en te dank, terwyl ons die salige koms van u geliefde Seun Jesus Christus verwag – Hy wat om ons ontwil arm geword het, om ons ryk te maak in ewigheid. Amen.

¹ [Matt. 26:11; Mark 14:7; Joh./John 12:8]